

Sondag 26 Maart

Skrif- en Fokusgedeelte: 1 Timoteus 3:1-7 (vgl. ook Rom. 12:8; 1 Kor. 12:28) **'n Ouderling is 'n gawe van God die Heilige Gees aan die gemeente**

Met die begin van die Nuwe-Testamentiese kerk, net na die hemelvaart van ons Here Jesus Christus, en die uitstorting van die Heilige Gees, was daar nog nie ouderlinge nie. Trouens, die kerk van die HERE het nog nie enigsins 'n ordelike bestaanswyse en vaste kenmerke gehad nie. Die apostels, ongeveer drie jaar lank deur Jesus self opgelei en toegerus vir die belangrike werk om die evangelie sy loop oor die hele aarde te laat neem (Matt. 28 : 19), het nog gelewe, en die kerk van die Here versorg, laat groei en georden. Mettertyd het hulle egter ontslaap.

Die kerk moes egter voortgaan, groei en lewe. Hiervoor sou die Heilige Gees sorg. Hy is mos gestuur om ons te lei en te vertroos ná die hemelvaart van ons Here, Jesus. So orden Paulus dan, deur die leiding van die Gees, die gemeentes waar hy gewerk het, en kry die ouderlinge die belangrike werk om die HERE se kerk verder te versorg (geestelik), te laat groei en te orden. Die ouderlinge moet die leiding neem, veral in die geestelike groei van die ge-meente in geheel, en elke lidmaat afsonderlik.

Ouderlinge is gawes van die Heilige Gees in die gemeente, en word ook deur die Gees toegerus vir hierdie uiters belangrike werk. Ouderlinge heers nie, hulle dien. Christus self is die Hoof van die kerk, en Hy regeer totdat Hy alles aan sy Vader onderwerp het.

Wanneer mens dan graag ouderling wil wees, en deur die HERE ook daartoe geroep word, is 'n voortrefflike werk ter sprake! Die HERE se werk moet in die gemeente gedoen word! Ewigheidswerk!

Is jy 'n ouderling? Dien dan die HERE met vreugde en oorgawe! Is jy 'n lidmaat? Bid dan vir die ouderlinge en ontvang hulle in jou huis as gesante van Jesus!

Sing: Psalm 133:1, 2

Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)